KANTOOR VAN DIE MUNISIPALE BESTUURDER
BERGRIVIER MUNISIPALITEIT
POSBUS 60
PIKETBERG
7320

**NOTULE VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE SE VERGADERING GEHOU OP DONDERDAG 08 DESEMBER 2016 OM 14:00 IN DIE RAADSAAL, MUNISIPALE KANTORE, PIKETBERG.**

**TEENWOORDIG:**

**LEDE VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE**

| | | | |
|---|---|---|---|
| Rdh EB Manuel | [DA] | : | Uitvoerende Burgemeester |
| Rdh RM Van Rooy | [DA] | : | Lid van Burgemeesterskomitee |
| Rdl MA Wessels | [DA] | : | Lid van Burgemeesterskomitee |

**AMPTENARE**

| | | |
|---|---|---|
| Adv H Linde | - | Munisipale Bestuurder |
| Mnr JWA Kotzee | - | Direkteur Korporatiewe Dienste |
| Mnr JA van Niekerk | - | Direkteur Finansiële Dienste |
| Mnr H Kröhn | - | Direkteur Tegniese Dienste |
| Me JS Erasmus | - | Interne Ouditeur |
| Mnr W Wagener | - | Bestuurder: Beplanning en Ontwikkeling |
| Mnr AW Rheeder | - | Bestuurder: Administratiewe Dienste |
| Mnr NJ Scheepers | - | Hoof: Komitee en Sekretariële Dienste |
| Mnr D Alberts | - | Hoof: Rampbestuur |
| Me AA Somers | - | Klerk: Komitee Dienste |
| Me CC Cloete | - | Senior Tikster |

AKSIE

**BKN001/12/2016**
**OPENING EN VERWELKOMING**

Me Somers open die vergadering met gebed, waarna die voorsitter almal by die vergadering verwelkom.

Vervolgens bied die Voorsitter ‘n geleentheid aan Mnr Rheeder om die BTO-afvaardiging voor te stel en te verwelkom.

***

**BKN002/12/2016**
**AANSOEKE OM VERLOF TOT AFWESIGHEID**
**3/3/1/4**

Raadsdame SM Crafford – ander munisipale verpligtinge

***

**BKN003/12/2016**
**<u>VERKLARING VAN BELANGE INGEVOLGE SKEDULES 1 & 2 (GEDRAGSKODE VIR RAADSLEDE EN AMPTENARE)</u>**
**3/3/1/6**

Alle Raadslede en Amptenare verklaar indiwidueel dat hulle geen persoonlike belange, met betrekking tot die items op die agenda, het nie.

***

**BKN004/12/2016**
**<u>BEKRAGTIGING VAN DIE NOTULE VAN DIE VORIGE VERGADERING: DINSDAG 29 NOVEMBER 2016</u>**
**3/3/2/2**

Dat die notule van die vergadering gehou op Dinsdag 29 November 2016 bekragtig word.

***KLERK: KOMITEE DIENSTE (AA SOMERS)***

***

**BKN005/12/2016**
**<u>VERKLARING/MEDEDELING DEUR DIE VOORSITTER EN DIE MUNISIPALE BESTUURDER</u>**
**3/3/1/6**

<u>Die Munisipale Bestuurder doen die volgende mededelings:</u>

- Sy noem aan die vergadering dat Mnr Johan Neethling (Menslike Hulpbrondiens konsultant) op Woensdag 05 Desember 2016 ŉ ligte hartaanval gehad het en tans in die hospitaal is.

<u>Die Voorsitter doen die volgende mededelings:</u>

- Hy bedank almal vir hul bydrae gelewer, harde werk en samewerking tot die liggiefees; en
- Dat ŉ liggiefees op 1 Januarie 2017 plaasvind by Pelikaan Strandoord en dat toegang gratis is.

***

**BKN006/12/2016**
**<u>ONDERHOUDE MET AFVAARDIGINGS: VOORLEGGING DEUR BERGRIVIER TOERISME ORGANISASIE: JAARLIKSE VOORLEGGING</u>**
**3/3/1/5**
**(*ŉ Visuele voorlegging word gedoen*)**

Die Bestuurder: Administratiewe Dienste stel die gaste aan die komitee voor en gee agtergrond tot die item.

Me E Odendaal gee breedvoerig agtergrond rakende hul werksaamhede en neem die komitee deur die voorlegging, voorts lig sy die volgende aspekte uit naamlik:

- eerste jaar as geregistreerde NPO gefunksioneer;
- die organisasie en hul statistieke;
- verskillende tendense van die streek;
- begroting en ongekwalifiseerde oudit;
- verskeie advertensies en "logos" van verskeie dorpe;
- karakters van verskeie dorpe; en finansiële ondersteuning;
- geografiese verspreiding; en elektroniese bemarking;
- produk ontwikkeling; en
- hoe om geïntegreerde beplanning toe te pas.

Die Munisipale Bestuurder beloof namens die administrasie volgehoue ondersteuning aan die BTO.

Verdere insette en kommentaar word gelewer deur die raadslede en amptenare.

Die Voorsitter bedank die afvaardiging, waarna hulle die vergadering verlaat.

**KENNIS GENEEM**

***

**BKN007/12/2016**
**<u>MOSIES / VRAE</u>**
**3/3/1/1, 3/3/1/2**

Geen

***

**BKN008/12/2016**
**<u>EERSTE DRINGENDE SAAK VANAF DIE MUNISIPALE BESTUURDER: SKOOLGEBOU: ERF 156, DWARSKERSBOS</u>**
**9/1/2**
***(Die verslag word ter tafel gelê – aanhangsel A)***

Die Munisipale Bestuurder lei die item in en gee breedvoerig agtergrond tot die item onder bespreking.

Voorts bedank sy die Bestuurder: Beplanning en Ontwikkeling vir die verslag en aanbeveling.

**<u>BESLUIT:</u>**

***BESTUURDER: BEPLANNING EN ONTWIKKELING***

1. Dat kennis geneem word van beperkende titelvoorwaardes C.1. (a) en (b) asook 2. vervat in Transportakte T28555/94 en dat die Munisipaliteit se prokureur(s) Direktoraat Korporatiewe Dienste se skrywe aan die Nasionele Minister van Publieke Werke opvolg ten einde 'n verdere poging aan te wend om skriftelike toestemming ter afstanddoening van beperkende titelvoorwaardes C.1. (a) en (b) asook 2. vervat in Transportakte T28555/94 te verkry;

2. Dat Slimkoppies Akademie, 12 maande kennis gegee word om die struktuur, insluitend die perseel, te ontruim, bereken vanaf 1 Januarie 2017, onderhewig aan die volgende voorwaardes (geldig vanaf 1 Januarie 2017):

   2.1 dat Slimkoppies Akademie 'n huurkontrak met die Munisipaliteit sluit, welke kontrak moet bepaal dat:

   (a) 'n maandelikse huurbedrag ten bedrae van R 100.00 (BTW ingesluit) betaalbaar is op die laaste dag van elke kalender-maand;

   (b) Slimkoppies Akademie verantwoordelik sal wees vir instandhouding en verfraaiing van die gedeelte van die struktuur (soos per aangehegde plan ***Bylae D***) wat hulle gebruik asook die gedeelte van die perseel wat hulle gebruik;

   (c) elektrisiteit aan Slimkoppies Akademie op hulle koste omgeskakel word na "pre-paid" krag en dat hulle voortaan "pre-paid" krag moet koop;

   (d) Slimkoppies Akademie sal verantwoordelik wees vir die betaling van alle dienste by Erf 156, Dwarskersbos; en

3. Dat die saal behou word vir die gebruike wat tans daar plaasvind, maar word, soos op die ander dorpe, as Munisipale Biblioteeksaal bestuur vanaf 01 Julie 2017 en dat die huidige gebruikers skriftelik in kennis gestel word.

***BESTUURDER: BEPLANNING EN ONTWIKKELING***

***

**BKN009/12/2016**
**<u>TWEEDE DRINGENDE SAAK VANAF DIE MUNISIPALE BESTUURDER: SOMER GEBEURLIKHEIDS-PLAN</u>**
**9/1/2**
***('n Verslag word ter tafel gelê – aanhangsel B)***

Die Hoof: Rampbestuur gee 'n breë agtergrond met betrekking tot die item onder bespreking.

Hy noem dat die plan opgestel is om insidente wat in die somermaande plaasvind te bestuur/koördineer.

Voorts noem hy dat 'n lys van noodnommers uitgestuur sal word vir die aanmelding van insidente wat kan plaasvind.

**<u>BESLUIT:</u>**

Dat die gewysigde gebeurlikheidsplan, met spesifieke verwysing na die gebiede vir die afvuur van vuurwerke, deur die Burgemeesterskomitee goedgekeur word as deel van die Bergrivier Munisipaliteit se rampbestuursplan.

***BESTUURDER: GEMEENSKAPS DIENSTE***

***(Die Hoof: Rampbestuur verlaat die vergadering).***

***

**BKN010/12/2016**
**OORSKRYDING OOREENKOMS: GEDEELTE VAN PAD RESERWE BUITEKANTSTRAAT; GRENSEND AAN ERF 1703, PIKETBERG**
**15/8**

Die Portfeulje Voorsitter lei die item in en gee breedvoerig agtergrond met betrekking tot die item onder bespreking.

**AANBEVELING: VIR BESLUITNEMING DEUR DIE RAAD**

Dat die aansoek om oorskryding van 'n gedeelte van Buitekantstraat se padreserwe deur die eienaar van Erf 1703 Piketberg **goedgekeur word,** onderhewig aan die volgende voorwaardes:

1. Die gedeelte padreserwe bly die eiendom van Bergrivier Munisipaliteit;
2. Die gedeelte padreserwe mag slegs deur die bestaande palisade omhein word (geen permanente struktuur / grensmuur mag opgerig word nie);
3. Die eienaar van Erf 1703 Piketberg sal aanspreeklik gehou word vir die herstelkostes van enige dienste wat op die gedeelte voorkom, sou dit deur sy/haar gebruik van die gedeelte padreserwe beskadig word;
4. Die Munisipaliteit sal nie verantwoordelik wees vir die betaling van vergoeding aan die eienaar van Erf 1703 Piketberg, wat weens herstelwerk aan dienste aan enige omheining, plante, ens. aangerig word nie, nie; en
5. Die eienaar van Erf 1703 Piketberg is verantwoordelik om dit aan enige opvolger in titel skriftelik in die koopkontrak te bevestig dat die betrokke gedeelte nie deel van die eiendom is wat verkoop word nie.

***

**BKN011/12/2016**
**VERVREEMDING VAN MUNISIPALE GROND: ERF 4472, PIKETBERG**
**15/3/8**

Die Portefeulje Voorsitter lei die item in en gee 'n breë opsomming tot die item onder bespreking.

Na uiteenlopende opinies en alternatiewe voorstelle word die onderstaande besluit geneem.

**BESLUIT:**

Dat die item onttrek word.

***BESTUURDER: BEPLANNING EN ONTWIKKELING***

***

**BKN012/12/2016**
**VERVREEMDING VAN MUNISIPALE GROND: GEDEELTE VAN ERF 1658, PORTERVILLE**
**15/3/8**

Die Portefeulje Voorsitter lei die item in onder bespreking en neem die komiteelede deur die verslag en die aanbeveling.

Die Bestuurder: Beplanning en Ontwikkeling noem dat punte 2 en 3 in die aanbeveling geskrap word en word sodanig deur die Uitvoerende Burgemeester aanvaar.

**AANBEVELING: BESLUITNEMING DEUR DIE RAAD**

Dat die voorgestelde kompromie in die skrywe van Miltons Matsemele Prokureurs nie aanvaar word nie, aangesien:

(a) Die gedeelte grond wat verlang word, vir munisipale dienslewering benodig word en gevolglik nie wetlik vervreem mag word nie; en

(b) Omskakeling van 'n struktuur wat aanvanklik op bouplanne vir Erf 2468, Porterville as dubbelmotorhuis aangedui was, in twee slaapkamers, bygedra het tot die probleem wat tans deur die eienaar ervaar word.

***

**BKN013/12/2016**
**ADOPTION OF THE BERGRIVIER ESTUARY MANAGEMENT BY-LAW**
**9/1/2**

The Portfolio Chairperson gave a brief summary of the item under discussion.

**RESOLVED:**

That the draft by-law regarding Bergrivier Estuary Management be adopted for public comment.

***MANAGER: PLANNING AND DEVELOPMENT***

***

**BKN014/12/2016**
**MONTHLY BUDGET STATEMENT: OCTOBER 2016**
**5/1/B,5/1/1**

**RECOMMENDATION: TO BE RESOLVED BY THE COUNCIL**

That the Council notes the monthly budget statement and supporting documentation for October 2016.

***

**BKN015/12/2016**
**TERUGSKRYWING VAN HOË ELEKTRISITEITSVERBRUIK: SWART, AMANDASTRAAT 2, PORT OWEN**
**5/1/B,5/1/1**

Die waarnemende Portefeulje Voorsitter lei die item in en gee verdere inligting met betrekking tot die item onder bespreking en meld ten slotte dat die Finansiële Dienste komitee nie konsensus kon bereik het oor die aansoek nie.

**BESLUIT:**

Dat die bedrag van R4 687.50 ten opsigte van elektristeit nie teruggeskryf word nie; omrede:

- Dat by die elektrisiteitsmeter geen fout gevind is nie; en
- Dat die bedrag nie oorweeg kan word om goedgunstig afgeskryf te word nie, aangesien die probleem nie by Bergrivier Munisipaliteit gevind is nie.

***DIREKTEUR FINANSIËLE DIENSTE***

***

**BKN016/12/2016**
**NOTULES VAN DIE BODTOEKENNINGSKOMITEE VIR KENNISNAME**
**8/1/1**

**KENNIS GENEEM**

***

**BKN017/12/2016**
**BEGROTING: HOOFPADSUBSIDIE 1 JULIE 2017 – 30 JUNIE 2018**
**9/1/2**

Die Direkteur Tegniese Dienste lei die item in en gee breedvoerig agtergrond met betrekking tot die item onder bespreking.

**BESLUIT:**

Dat die begrote bedrag van R100 000 vir noodsaaklike onderhoudswerk aan geproklameerde hoofpaaie aan Departement van Vervoer en Openbare Werke voorgelê word vir gunstige oorweging.

***DIREKTEUR TEGNIESE DIENSTE***

***

**BKN018/12/2016**
**NOTULES VAN DIE WYKSKOMITEES VIR KENNISNAME**
**3/2/1/3**

Geen

***

**BKN019/12/2016**
**IN KOMITEE: AANBEVELINGS EN VERSLAE VOORGELÊ VIR OORWEGING DEUR DIE RAAD**
**3/3/1/5**

Geen

***

**BKN020/12/2016**
**IN KOMITEE: BESLUITE INGEVOLGE GEDELEGEERDE BEVOEGDHEID EN ITEMS WAARVAN KENNIS GENEEM IS**

Geen

***

**BKN021/12/2016**
**IN KOMITEE: NOTULES VAN DIE OPLEIDINGSKOMITEE SE VERGADERING VIR OORWEGING/KENNISNAME**

Geen

***

**BKN022/12/2016**
**IN KOMITEE: NOTULES VAN DIE ARBEIDSFORUM SE VERGADERING VIR OORWEGING/KENNISNAME**

Geen

***

***DIE VERGADERING VERDAAG OM 15:35***

***BEKRAGTIG AS 'N WARE WEERGAWE VAN DIE VERRIGTINGE***

***VOORSITTER*** ***DATUM***
***(UITVOERENDE BURGEMEESTER)***

***